

DRAAI 'N MANTEL

teen die wind

Maak dié maklike mantel in 'n kits en wees in die kol met die jongste modeneigings

Mate

Die mantel pas enige grootte. Dit hang los om die lyf, maar kan maklik wyer of nouer aan die kante gesny word.

Benodigdhede

Let wel: Die patroon is so eenvoudig dat enige dik, stewige materiaal gebruik kan word. Die twee materiale moet net dieselfde gewig en volume hê. 1,60 m dubbelkant-vliesstof of wolstof (140 of 150 cm breed)

1,60 m dubbelkant-vliesstof of wolstof (140 of 150 cm breed) in 'n teenstellende kleur

Een 25 mm-Velvrierkant of 'n groot knoop

Liniaal

Koerantpapier, aanmekeargeplak met kleefband

Viltpen

Maak só

1. Trek blokke van 10 x 10 cm op koerantpapier en trek patroon af. Knip die patroon uit, lê die twee patrone op die twee wolstowwe, elke wolstof in die breedte met regte kante opmekaar, dubbel gevou. Steek vas met spelde en knip dus 2 dele van elk uit.

2. Stik die twee middelste dele (met nekopening) van die mantel in die agterkant vas. Stik die bande aan die twee rande van die mantel vas.


3. Werk die voorste opening, onderste rand en kante van bande se rafelrande met 'n omkapmasjien of sigsagsteek af.

4. Steek ferm deel van Velcro aan regte kant van linkerkraagpunt vas en stik vas. Steek sagte deel van Velcro aan verkeerde kant van regterkraagpunt vas en stik netjies vas. Indien 'n knoop gebruik word, maak 'n knoopsgat in die regterkraagpunt en werk knoop aan regte kant van linkerkraagpunt vas.

Net vir jou

Butterick- en Vogue-patrone het nou nuwe patrone waaruit 'n hele klerekas beplan kan word. Ons gee van dié patrone weg. Dié veelsydige patroonpakket kombineer verskeie skakerings en teksture vir jou winterklerekas. Wintermateriale soos tweed, koordferweel, flanel en wolstof word vir dié kledingstukke gebruik. Velcro word gebruik pleks van knope en ritse - 'n maklike en funksionele alternatief. Die patroonpakket sluit die mantel, 'n hemp en rok, baadjie, romp en broek in.

200 lesers kan elk dié patroonpakket ontvang. Stuur net jou naam, adres, telefoonnommer en patroongrootte [(6;8;10), (12;14;16) of (18;20;22)] op 'n poskaart of agterop 'n toegeplakte koevert aan rooi rose/Vogue weggee, Posbus 57453, Springfield, 2137.





Die patroonpakket sluit die mantel, 'n hemp en rok, baadjie, romp en broek in. Vogue-patroon 2366.

